KENNISGEWING NR 2432 VAN 1998
STAATSKOERANT 19377 (19 OKTOBER 1998)
DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
WET OP NASIONALE ONDERWYSBELEID (WET 27 VAN 1996)
TOELATINGSBELEID VIR GEWONE OPENBARE SKOLE

Ná oorlegpleging met elke lid van die Raad van Onderwysministers gee die Minister van Onderwys ingevolge artikel 3(4)(i) van die Nasionale Wet op Onderwysbeleid (Wet 27 van 1996) hiermee kennis van die leerdertoelatingsbeleid vir gewone openbare skole, soos dit in die bylae vervat is.

MINISTER VAN ONDERWYS
DATUM:

BYLAE

TOELATINGSBELEID VIR GEWONE OPENBARE SKOLE

Vertolking

1. Enige uitdrukking waaraan ŉ betekenis in die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (Wet 27 van 1996) en die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996) toegeken is, het ook in hierdie beleid daardie betekenis.

Bestek

2. Hierdie beleid, saamgelees met die ouderdomsvereiste vir toelating tot gewone openbare skole wat in dieselfde goewermentskennisgewing gepubliseer is, geld eenvormig vir alle provinsiale departemente van onderwys en gewone openbare skole.

3. Die toelatingsbeleid vir ŉ gewone openbare skool moet met hierdie beleid strook.

Doel

4. Die doel van hierdie beleid is om ŉ raamwerk te bied vir alle provinsiale onderwysdepartemente en beheerliggame van openbare skole vir die ontwikkeling van hul toelatingsbeleid tot die skool.

Toelatingsadministrasie

5. Die Departementshoof moet ŉ proses bepaal vir registrasie van toelating tot openbare skole ten einde leerdertoelating flink en doeltreffend te laat plaasvind. Die Departementshoof en die skoolbeheerliggame behoort ouers[1] aan te moedig om voor die einde van die voorafgaande skooljaar om hul kinders se toelating aansoek te doen.

---

[1] 'Ouer' beteken:
(a) die ouer of voog van ŉ leerder;
(b) die persoon wat volgens wet geregtig is op toesig oor ŉ leerder; of
(c) die persoon wat onderneem om, met betrekking tot die leerder se skoolonderrig, die pligte te vervul van ŉ persoon waarna paragraaf (a) en (b) verwys.


**Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.**

6. Die Departementshoof is verantwoordelik vir die administrasie van leerdertoelating tot ŉ openbare skool. Die Departementshoof kan die verantwoordelikheid vir leerdertoelating tot ŉ skool aan amptenare van die Departement oordra.

7. Die toelatingsbeleid van ŉ openbare skool word deur die beheerliggaam van die skool ingevolge artikel 5(5) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996) bepaal. Die beleid moet met die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996), die Suid-Afrikaanse Skolewet en toepaslike provinsiale wetgewing strook. Die beheerliggaam van ŉ openbare skool moet ŉ afskrif van die skool se toelatingsbeleid aan die Departementshoof beskikbaar stel.

8. Die Departementshoof moet die voorsiening van skole en die administrasie van leerdertoelating tot gewone openbare skole met beheerliggame koördineer om te verseker dat alle leerders wat op skooltoelating geregtig is, op paslike wyse ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet plek kry. Onderworpe aan hierdie beleid is dit bepaald belangrik dat alle leerders van verpligte skoolgaande ouderdom wat op skooltoelating geregtig is, in openbare skole plek kry.

9. Die toelatingsbeleid van ŉ openbare skool en die administrasie van toelating deur ŉ onderwysdepartement mag nie op enige wyse onbillik teen ŉ aansoeker om toelating diskrimineer nie.

10. ŉ Leerder word tot die totale skoolprogram toegelaat en mag nie uit klasse gesit, toegang tot kulturele, sport- of sosiale aktiwiteite van die skool belet, van ŉ skoolrapport of oorplasingsertifikate ontneem of andersins geviktimiseer word op grond daarvan dat sy/haar ouer:
    (a) nie die vereiste skoolgeld kan betaal of betaal het nie;
    (b) nie die missieverklaring en gedragskode van die skool onderskryf nie; of
    (c) nie ŉ kontrak wou aangaan ingevolge waarvan die ouer afstand doen van enige reg op skadevergoeding wat uit die onderrig van die leerder kan spruit nie.

11. Die beheerliggaam van ŉ openbare skool mag nie enige toets met betrekking tot die toelating van leerders tot ŉ openbare skool afneem, of die hoof van die skool of enige persoon opdrag gee of magtig om sodanige toets af te neem nie. Waar plasing in ŉ bepaalde kursus of program, byvoorbeeld ŉ tegniese vakrigting, dans of musiek, vereis word, en waar dit in die leerder se opvoedkundige belang is, kan die Departementshoof hom/haar versoek om ŉ toepaslike toets af te lê om ŉ plasingsbesluit te kan neem.

12. Die naam van ŉ leerder moet van ŉ skool se toelatingsregister geskrap word indien die leerder:

    (a) die skool ná graad 12 of ná die voltooiing van die verpligte skoolgaantydperk verlaat, of ingevolge artikel (4) van die Suid-Afrikaanse Skolewet vrystelling van verpligte skoolbywoning ontvang;
    (b) om ŉ oorplasing na ŉ ander skool aansoek doen en die oorplasing toegestaan word;
    (c) uit die skool geskors word; of
    (d) sterf.


**Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.**

FEDSAS

13. Indien ŉ leerder van verpligte skoolgaande ouderdom versuim om skool by te woon, kan die Departementshoof ingevolge artikel 3(5) en (6) van die Suid-Afrikaanse Skolewet optree.

Vereiste dokumente vir leerdertoelating

14. ŉ Ouer moet ŉ aansoekvorm vir toelating voltooi wat die skoolhoof saam met die toelatingsbeleid en die gedragskode vir leerders van die skool aan hom/haar moet voorsien. Die hoof moet verseker dat ouers enige moontlike bystand ontvang wat hulle kan benodig om die vorm in te vul.

15. Wanneer ŉ ouer om toelating van ŉ leerder tot ŉ gewone openbare skool aansoek doen, moet die ouer ŉ amptelike geboortesertifikaat van die leerder by die hoof van die openbare skool indien. Indien die ouer nié die geboortesertifikaat kan indien nie, kan die leerder voorwaardelik toegelaat word totdat ŉ afskrif van die geboortesertifikaat van die streekskantoor van die Departement van Binnelandse Sake bekom is. Die hoof moet ouers inlig dat dit ŉ oortreding is om ŉ valse verklaring oor die ouderdom van ŉ kind af te lê. (Sien Wet op Registrasie van Geboortes en Sterftes (Wet 51 van 1992).) Die ouer moet verseker dat die toelating van die leerder binne drie maande ná voorwaardelike toelating afgehandel word.

16. By aansoek om toelating moet ŉ ouer bewys lewer dat die leerder teen die volgende aansteeklike siektes ingeënt is: polio, masels, tuberkulose, witseerkeel (difterie), klem-in-die-kaak (tetanus) en hepatitis B. Indien ŉ ouer nié van sodanige inenting bewys kan lewer nie, moet die hoof die ouer inlig dat die leerder as deel van die gratis primêregesondheidsorgprogram ingeënt kan word.

17. Wanneer ŉ leerder van een openbare skool na ŉ ander verskuif, moet die hoof ŉ oorplasingskaart invul en dit aan die ouer oorhandig, of dit aan die hoof van die ontvangerskool stuur. Die leerder se oorplasingskaart moet by die aansoekvorm om toelating tot die ontvangerskool aangeheg word.

18. Indien die oorplasingskaart nié beskikbaar is nie, kan die hoof van die ontvangerskool die leerder op grond van die volgende dokumente toelaat en in ŉ graad plaas:

    (a) Die mees onlangse rapport wat die vorige skool uitgereik het
    (b) Ander gelykstaande dokumente van die vorige skool
    (c) ŉ Geskrewe beëdigde verklaring van die ouer met die rede vir die gebrek aan ŉ oorplasingskaart en die graad waarin die leerder by die vorige skool was

Toelating van nieburgers

19. Die Suid-Afrikaanse Skolewet en hierdie beleid geld eweneens vir leerders wat nie burgers van die Republiek van Suid-Afrika is nie en wie se ouers oor ŉ permit vir tydelike of permanente verblyf beskik wat deur die Departement van Binnelandse Sake uitgereik is.

20. ŉ Leerder wat die land met ŉ studiepermit binnekom, moet die permit by toelating tot die openbare skool toon.


**Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.**

FEDSAS

21. Persone wat as onwettige immigrante beskou word, moet by aansoek om toelating van hul kinders of hulself bewys lewer dat hulle ingevolge die Wet op Vreemdelingebeheer (Wet 96 van 1991) by die Departement van Binnelandse Sake aansoek gedoen het om hul verblyf in die land te wettig.

Leerders met spesiale onderwysbehoeftes

22. Die regte en wense van leerders met spesiale onderwysbehoeftes moet in ag geneem word by die toelating van sodanige leerders tot ŉ gewone openbare skool. Die Suid-Afrikaanse Skolewet vereis van gewone openbare skole om leerders met spesiale onderwysbehoeftes toe te laat waar dit redelik en prakties uitvoerbaar is. Skole word aangemoedig om so ver prakties moontlik die nodige reëlings te tref om hul fasiliteite vir sodanige leerders toeganklik te maak.

23. Waar die nodige steun om ŉ leerder se integrasie by ŉ bepaalde opvoedkundige konteks te fasiliteer nié voorsien kan word nie, moet die skoolhoof die aansoek om toelating na die Departementshoof verwys om die leerder tot ŉ geskikte openbare skool in daardie provinsie of ŉ skool in ŉ ander provinsie toegelaat te kry.

24. Voordat die Departementshoof ŉ leerder wat in paragraaf 23 beoog word, verwys, moet die Departementshoof oorlegsessies met ouers, opvoeders en ander betrokke steunpersoneel reël. Hierdie sessies moet deel uitmaak van die assessering van die leerder voordat die leerder na ŉ ander openbare skool verwys word. Hiedie proses behoort dringende aandag te geniet ten einde die leerder se toelating so gou moontlik te fasiliteer om te verseker dat die leerder nie benadeel word wat die ontvangs van toepaslike onderrig betref nie.

25. Assessering en oorlegpleging met betrekking tot ŉ plasingsverandering moet deur ŉ span by die skool in oorleg met ouers, opvoeders en ander betrokke steunpersoneel geskied. Die Departementshoof van die betrokke provinsie moet die plasing goedkeur.

Ouderdomsvereistes vir leerdertoelating tot ŉ gewone openbare skool of verskillende grade van ŉ skool

26. Leerders moet ingevolge Goewermentskennisgewing 2432 van 1998 tot openbare skole toegelaat en in verskillende grade by die skool geplaas word.

27. Indien ŉ leerder van ŉ ouderdom bo die ouderdomsnorm vir ŉ bepaalde graad tot ŉ openbare skool toegelaat word, moet sodanige leerder so ver moontlik in ŉ bespoedigingsfasiliteit of by sy/haar portuurgroep geplaas word, tensy dit nie in die leerder se opvoedkundige belang is nie. In laasgenoemde geval moet die leerder in ŉ geskikte laer graad geplaas word en moet ŉ bespoedigde program vir die leerder uitgewerk word ten einde hom/haar in staat te stel om sy portuurgroep so gou moontlik in te haal.

28. Die ouderdomsgraadnorm geld nie ŉ leerder wat reeds op 1 Januarie 2000 by ŉ openbare skool ingeskryf was nie, buiten dat paragraaf 27 kan geld indien dit in die leerder se belang geag word.

29. ŉ Leerder van 16 jaar of ouer wat nooit vantevore skoolgegaan het nie en vir die eerste keer om toelating aansoek doen, of wat nie voldoende vordering saam met sy/haar portuurgroep getoon


**Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.**

het nie, moet aangeraai word om by ’n sentrum vir basiese onderwys en opleiding vir volwassenes (ABET) in te skryf.

Herhaling

30. ’n Leerder wat ingevolge hierdie beleid een of meer skooljare herhaal het, is vrygestel van die ouderdomsgraadnorm, buiten dat indien ’n leerder drie jaar ouer as die normouderdom per graad is, die Departementshoof moet bepaal of die leerder tot daardie graad toegelaat sal word.

31. In beginsel behoort leerders saam met hulle ouderdomskohort te vorder. Herhaling van grade lei selde tot ’n beduidende toename in leersukses, en het dikwels die teenoorgestelde resultaat. Die norm vir herhaling is een jaar per skoolfase, waar nodig. Veelvuldige herhalings van een graad word nie toegelaat nie.

32. Die norm moet geensins vertolk word asof dit die praktyk van outomatiese bevordering voorstaan nie. Daar moet in ’n leerder se behoeftes voorsien word deur die pogings van die leerder self en sy/haar onderwysers, met die ondersteuning van die leerder se familie en portuur.

Skoolsonering

33. ’n Departementshoof kan ná oorleg met verteenwoordigers van beheerliggame toevoersones vir gewone openbare skole bepaal ten einde die leerdertalle van skole te beheer en ouervoorkeure te koördineer. Sodanige toevoersones hoef nie geografies langs die skool of mekaar te wees nie.

34. Indien ’n toevoersone geskep word:

(a) moet voorkeur gegee word aan ’n leerder wat in die toevoersone van ’n skool woon of wat by sy/haar ouers by ’n werkgewer se huis in die toevoersone woon;
(b) is ’n leerder wat buite die toevoersone woon nie daarvan uitgesluit om aansoek te doen om toelating tot die skool van sy/haar keuse nie. Tog kan toelating tot ’n gekose skool nie gewaarborg word nie;
(c) moet ’n leerder wat in die toevoersone van skool A woon na die naburige skool B verwys word indien skool A reeds vol is. Indien skool B óók vol is, moet die Departementshoof ’n alternatiewe skool binne ’n redelike afstand vind. Indien dít nie moontlik is nie, móét skool A die leerder toelaat;
(d) is die voorkeurorde van toelating:
    (i) leerders wie se ouers in die toevoersone woon, hetsy in hul eie huis of die van hul werkgewer;
    (ii) leerders wie se ouers se werkadres in die toevoersone val; en
    (iii) ander leerders in orde van aansoek.

35. ’n Skool met ’n bepaalde studierigting, byvoorbeeld ’n tegniese skool, moet veel groter toevoersones hê om vir leerders met spesifieke aanlegte, belangstellings of behoeftes voorsiening te maak.

Toelatingsregister



**Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.**

FEDSAS

36. Die hoof van ŉ openbare skool moet ŉ toelatingsregister vir die skool byhou. Alle leerdertoelatings tot die skool moet in die toelatingsregister opgeteken word. Die register moet die naam; geboortedatum; ouderdom; identiteitsnommer, indien van toepassing, en adres van die leerder sowel as die name van die leerder se ouers ingevolge die omskrywing in die Suid-Afrikaanse Skolewet (sien voetnoot 1), en hul adresse en telefoonnommers, waar van toepassing, bevat.

37. Inskrywings in die toelatingsregister moet met die geboortesertifikaat of identiteitsdokument van die betrokke leerder vergelyk word om dit te bevestig.

38. Amptenare van die provinsiale onderwysdepartment moet toegang tot die toelatingsregister hê.

Regte en pligte van ouers

39. Die beheerliggaam van ŉ skool moet alle ouers van leerders wat tot daardie skool toegelaat is, van hul regte en pligte ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet en enige toepaslike provinsiale wet inlig. Ouers moet bepaald ingelig word van hulle regte en pligte wat die beheer en aangeleenthede van die skool betref, wat insluit die proses om die skoolbegroting te bepaal, enige besluit van ŉ ouervergadering met betrekking tot skoolgeld, en die gedragskode vir leerders.

40. Ouers is verplig om hul kinders te ondersteun om gereeld skool by te woon.

Tuisonderrig

41. ŉ Ouer wat sy/haar kind tuis wil onderrig, moet by die Departementshoof om registrasie aansoek doen.

42. Die Departementshoof sal sodanige leerder registreer indien hy/sy tevrede is dat die voorwaardes in artikel 51 van die Suid-Afrikaanse Skolewet nagekom word.

Reg van appèl

43. Enige leerder of ouer van ŉ leerder wat toelating tot ŉ openbare skool geweier is, kan ingevolge artikel 5(9) van die Suid-Afrikaanse Skolewet by die Lid van die Uitvoerende Raad teen die besluit appelleer.


**Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.**

FEDSAS